

17 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 26:16-19

Fokusgedeelte: Jesaja 26:19

By die Here is daar lewe om oor te jubel

Alle menslike pogings om iets permanent hier op aarde te probeer vestig en uitkoms te bewerk, is uiteindelik tevergeefs. Israel het dit besef toe die Here hulle met sy oordele getref het (vs 18). Vreemde konings het hulle oorweldig en die volk onderdruk.

Maar dan word die blye boodskap van lewe en vreugde vir die volk gebring. Selfs dié wat in die doderyk is, word opgeroep om te juig, want tydens die oordeel wat die Here oor die vyande van sy volk gaan bring, gaan daar ook lewe kom vir sy volk (vs 19).

Die lewewekkende krag van die Here word vergelyk met die dou wat in die dor landstreke van Palestina lewe beteken vir alles wat bestaan. Dit het tot volle werklikheid gekom deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Vandag nog oefen die Vader dieselfde krag in ons uit. Dié krag waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het (Ef 1:19, 20). Daarom het ons wat in Jesus Christus glo, nou reeds deel aan die ewige lewe. Ons sal dit dan ook na hierdie lewe volkome beleef.

Laat ons dan nie leef vir dit wat nie blywend is en wat dikwels groot hartseer en spanning in ons lewens bring nie. Laat ons jubelend die nuwe lewe leef waartoe die Here ons opgewek het deur sy Gees, nou en tot in ewigheid.

Sing: Psalm 33:5, 11 (1936-beryming)

Ds JB du Plessis (Lichtenburg)